

Wat is vigs?

Wat is vigs?

Vigs beteken Verworwe Immuniteitsgebreksindroom. Ons sê hierdie siekte is verworwe want dis nie 'n infeksie wat geërf word nie. Dit word veroorsaak deur 'n virus (die menslike immuungebreksvirus of MIV) wat die liggaam van buite af binnedring.

Immuniteit verwys na die liggaam se natuurlike vermoë om homself teen infeksie en siektes te beskerm.

Immuungebrek beteken dat die liggaam se immuunstelse verswak word sodat dit nie meer die liggaam teen infeksies kan beskerm nie.

'n Sindroom is 'n mediese term wat verwys na 'n stel of versameling spesifieke tekens en simptome wat saam voorkom en kenmerkend is van 'n spesifieke patologiese toestand.

Alhoewel ons die woord 'siekte' gebruik wanneer ons van vigs praat, is vigs streng gesproke nie 'n spesifieke siekte nie. Dis 'n versameling van verskillende toestande wat voorkom in die liggaam (of dele van die liggaam), omdat die MIV virus die liggaam se immuunstelsel so verswak het, dat dit nie langer die patoögen (of siekte-veroorsakende agent) kan beveg wat die liggaam binnedring nie.

Dit is meer akkuraat om vigs te beskryf as 'n sindroom van opportunistiese infeksies en kankers wat elkeen die vermoë het om die geïnfekteerde persoon in die laaste stadiums van die siekte te laat sterf.

Waar kom vigs vandaan?

Die eerste erkende gevalle van vigs het in Amerika plaasgevind in 1981. Kort daarna het dit in Afrika voorgekom. In die begin het die dokters nog nie geweet wat die siekte veroorsaak nie. Eers in 1983 het wetenskaplikes bevind dat vigs deur 'n virus veroorsaak word, wat vandag as MIV-1 bekend staan.

Daar is twee virusse wat met vigs verband hou, naamlik MIV-1 en MIV-2.

MIV-1 hou verband met infeksies in die meeste dele van Afrika, Amerika, Europa en die res van die wêreld, terwyl MIV-2 meestal in Wes-Afrika voorkom. Daar is baie subtypes van HIV-1 (byvoorbeeld sub tipe C wat die mees prominente vorm in Suid-Afrika is).

Daar is baie teorieë oor waar vigs ontstaan het, maar niemand weet eintlik verseker waar vigs vandaan kom nie. Die mees wyd aanvaarde teorie is dat MIV die spesielyn tussen primate en mens oorgesteek het op die een of ander tydstip in die twintigste eeu.

MIV is verwant aan 'n virus wat SIV (simeaanse immuungebreksvirus) genoem word. Dit kom voor in primate soos byvoorbeeld sjimpanzees, kuifape en Afrika-groenape. Die virus het moontlik van primate na mens versprei toe geïnfekteerde dierebloed beland het in snye op die hande van die mense wat SIV-geïnfekteerde diere geslag het vir kosdoeleindes.

Die aanvanklike verspreiding van MIV was moontlik beperk tot geïsoleerde dorpieë wat min kontak met die buitewêreld gehad het. Verskeie faktore, soos byvoorbeeld migrasie, verbeterde vervoernetwerke, sosioekonomiese onstabielheid, veelvuldige seksmaats, binne-aarse verdoewingsmiddelgebruik en die uitruil van bloedprodukte, het daartoe bygedra dat die virus oor die hele wêreld versprei het.

Hoe kry 'n mens die virus?

Daar is drie maniere waarop MIV infeksie van een mens na 'n ander oorgedra kan word:

1. onbeskermdde seksuele omgang;
2. geïnfekteerde bloed;
3. deur 'n MIV-positiewe ma na haar baba.

In watter liggaamsvloeistowwe kom MIV voor?

MIV is al geïdentifiseer in verskeie liggaamsvloeistowwe, maar dit is veral baie gekonsentreerd in bloed, seksvloeistowwe (semen en vaginale vloeistowwe) en ook in borsmelk.

Alhoewel MIV ook voorkom in speeksel, transe, sweet en urine, is die konsentrasie van hierdie vloeistowwe baie laag en is oordrag onwaarskynlik.

Speeksel wat bloed bevat (byvoorbeeld in tandheelkundige omgewings, of wanneer daar oop sere, sproei of los tande in die mond is) kan die virus oordra.

Hoe algemeen kom MIV/vigs voor?

MIV het ons wêreld heeltemal verander. Selfs die ergste doemprofete kom nie die vernietiging voorspel wat MIV/vigs veroorsaak nie.

Kom ons kyk hoe ons wêreld in 1989 gelyk het - en hoe dit lyk in 2002.

Ons wêreld in 1989: Luidens die Wêreldgesondheidsorganisasie (in 1989) 'is omtrent ses miljoen mense in die wêreld besmet met die menslike immuniteitsgebrekvirus (MIV) wat vigs veroorsaak. Volgens 'n peiling sal 15 tot 20 miljoen mense teen 2000 geïnfekteer wees.'

Ons wêreld in 2002: Luidens UNAIDS 'het 42 miljoen mense in die wêreld die MIV virus; vyf miljoen nuwe infeksies met MIV het in 2001 plaasgevind; drie miljoen mense het as gevolg van vigs in 2001 gesterf; daar is 14 miljoen vigswesies; 75% van die wêreld se MIV infeksies vind in Afrika suid van die Sahara plaas.'

Suid-Afrika in 1989: 'Volgens verslae het 150 mense vigs en 2400 Suid-Afrikaners is met die virus geïnfekteer.'

En die situasie in Suid-Afrika in 2002: 'Suid-Afrika het een van die snelgroeiendste MIV epidemies in die wêreld met bykans 2000 nuwe infeksies elke dag; 10% van al die geskatte HIV infeksies in die wêreld vind in Suid-Afrika plaas (4,2 miljoen), terwyl Suid-Afrika slegs 0,68% van die wêreldbevolking uitmaak; 290 000 Suid-Afrikaners het in 2000 aan vigs gesterf; Suid-Afrika het 500 000 vigswesies; die voorkoms van MIV infeksie onder swanger vroue in Mpumalanga en KwaZulu-Natal is tussen 33-38%.'

Dit is duidelik dat MIV/vigs 'n nasionale ramp is met verrykende gevolge vir individue, gesinne, gemeenskappe en werkplekke.

Alhoewel Suid-Afrika nog steeds die middelpunt van die epidemie uitmaak, is MIV besig om drasties toe te neem in Rusland, Indië en die Karibbiese Eilande. Die lewensverwachting in Afrikalande is besig om drasties te daal.

Bronne:

- <http://www.unAIDS.org>; XIV Internasionale VIGS Konferensie, Barcelona